**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0 0 4 3 | 9 7 1 1 1 9 3 2 3 | 8 | 14 7 25 |

DIE BURGER Jg. 83 Nr. ........ P. 23 Dat. 19 NOV 1997

# Wegbreekgroep sê AHI help nie meer Afrikaner

Hein Swart

**KAAPSTAD. – 'n Groep Afrikaanse sakemanne van Gauteng het van die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) weggebreek om hul eie sake-organisasie te stig. Die splintergroep voer aan dat die AHI nie meer die belange van die Afrikaner in die werkplek verteenwoordig nie.**

Dié aankondiging is gister in die Nasionale Raad van Provinsies gedoen deur mnr. Ben van der Walt, 'n vooraanstaande lid van die Vryheidsfront en dié party se woordvoerder oor arbeidsaangeleenthede.

Die nuwe organisasie staan bekend as die Afrikaanse Handelskamer en sal volgens hom 'n "unieke karakter' hê. Die nuwe sake-organisasie vir Afrikaanse sakelui gaan hom beywer om in 'n "noue vennootskap tussen werkgewer en werkgewers gesamentlik vir die belange van hul lede te veg".

Van der Walt het gesê dit is die VF se standpunt dat die AHI slegs die "Anglo American element" van Afrikaners verteenwoordig, wat hulle gedurende die apartheidsjare as 'n klein groepie vir "politieke doeleindes verryk het". Die AHI voer aan dat swart bemagtiging en regstellende aksie hoë prioriteite van hom is. Die VF verlang graag antwoorde op die volgende van die AHI:

- Is die AHI nog daarop ingestel om ook vir die basiese regte van die Afrikaanse werker as minderheidsgroep te veg – of is die drang na net materiële welvaart die strewe?
- Is die AHI bereid om onteenseglik te verklaar dat verdienste by aanstellings in die werkplek moet geld om sodoende hoop aan jong Afrikaner werksoekers te verskaf dat omgekeerde diskriminasie hulle nie van alle werkmoontlikhede sal ontneem nie?
- Sluit die bemagtiging, opheffing en opleiding van agtergeblewe groepe met behulp van Sasria se opgehoopte reserwes, soos die AHI dit wil hê, ook Afrikaner werkers in, veral omdat laasgenoemde ook tot die fonds bygedra het?
- Is die AHI steeds bereid om vir Afrikaanse taalregte in die werkplek te veg sodat die diensvoorwaardes vir hom verstaanbaar kan wees. Daarby word nie die eksklusiewe gebruik van net Afrikaans bedoel nie.

TREFWOORDE

1. Vryheidsfront
2. Raad van Provinsies
3. aankondigings
4. steunings
5. AHI
6. stigtings
7. Afrikaanse Handelskamer
8. Leiers
9.
10.